# Die kerk: 'n Verenigende of verdelende faktor in die ontwikkeling van Suid-Afrika?

FE Deist
Universiteit van Suid-Afrika

Abstract
The church: A unifying or dividing factor in the development of South Africa?

In South Africa churches have, by mystifying institutions, beliefs, prejudices, political strategies, violence and theological views, contributed towards ethnocentrism, egotism, etc. The church will have to demystify these institutions and views in order to prevent *theomachy*, sacrifice its Constantine privileges, and become the servant of the world - whether the state allows it to function publically or not - in order to contribute towards peace.

*Ein nützlicher Gott ist immer ein Götze*
**H Zarnt**

As Suid-Afrika hoegenaamd wil ontwikkel, sal ons vrede in ons wêrelddeel moet kry. In dié lig kan 'n mens die tema seker ook anders verwoord: 'Watter rol kan die kerk speel om vrede in Suid-Afrika te help vestig?' Dis uit dié gesigshoek dat die onderwerp hier benader word.

Die kerk werk met mense. Maar hoe *is* mense? Dit was Malcolm de Chazal wat gesê het: 'Monkeys are superior to men in this: when a monkey looks into a mirror, he sees a monkey'. Miskien was dit nog altyd 'n tipiese menslike probleem:

* Voordrag gelewer op uitnodiging van die Kommissie vir Administrasie tydens 'n beplanningseminaar van staatsdepartementshoofde (14 Oktober 1988). Hoewel die voorbeelde uit kerklike literatuur hier byna uitsluitlik uit dokumente van die Ned Geref Kerk geneem word, is dit bedoel as simptomaties van standpunte wat algemeen was (en soms ook nog is) is in (ten minste) die drie gevestigde Afrikaanstalige kerke. Daarom word daar verderaan algemeen na 'die kerk' verwys, en nie slegs na die Ned Geref Kerk nie.

As 'n mens in die spieël kyk, sien hy iets wat 'n watjie méér is as die engele, bes moontlik 'n god. En dis waar die kerk in die spel kom.

## 1. DIE TAAK VAN DIE KERK

Sedert die dae van die Ou Testament is dit een van die mees basiese take van die 'kerk' om aan mense te verkondig dat daar net één God is, dat hulle self maar net *mense* is en dat enigiets wat 'n mens voortbring, daarom niks meer kan wees nie as 'n *menslike* produk. Daar is die verhaal van Josef. Sy broers het hom só op 'n troontjie geplaas dat hy aan hulle moes vra: 'Is ek dan in die plek van God?' (Gen 50: 19). Daar is dié gebod wat vooraan in die Tien Gebooie staan: 'Jy mag geen ander gode naas My hê nie', 'n gebod wat so belangrik is dat dit prakties in die tweede gebod in ander woorde herhaal word: 'Jy mag nie vir jou iets opstel en in aanbidding daarvoor neerval nie.' Volgens sommige Ou-Testamentici is dié gebod die kern waarom die hele Ou Testament draai (Schmidt 1986).

Uit Jesus se kontroverse met die Fariseërs blyk dit dat hulle soveel van hulle teologiese sisteme gedink het dat mense (volgens hulle) dáárin moes glo om by God uit te kom. Mense wat hulle sisteme nie erken of verstaan het nie, was vir hulle 'vervloek' (Joh 7: 48-49). Dis ook die grond waarop hulle Jesus laat kruisig het. [1] Op die keper beskou, het hulle hulle teologiese sisteme vir God self aangesien en hulle dus voor 'n menslike maaksel neergebuig (vgl Matt 23: 1-15).

Net so het Petrus só voor sy nasionalisme-ideologie neergebuig dat hy Jesus nie wou sien ly en sterf nie. Vir hom het Jesus gesê: 'Gaan weg agter my, Satan, want jy bedink nie die dinge van God nie, maar van mense' (Mark 8: 33). Petrus het later, selfs ná sy visioen op die dak van sy huis, geweier om saam met onbesnedenes (d w s nie-Jode) aan die tafel aan te sit. Hy wou liewer voor die god van etnisiteit buig - waaroor Paulus hom tereggewys het (Gal 2: 11-21).

In die Openbaringboek (Op 13) is 'n skerp oordeel uitspreek oor mense wat die Romeinse staat en die Romeinse heersers vir gode aangesien het, en wat voor die staat, in plaas van voor God, neergebuig het.

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* polemiseer teen mense wat náás geloof in Christus allerlei mensgemaakte vereistes stel vir die redding van die mens. Die vaders gaan dan voort:

> Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie, maar dat daar *buite Hom* nog iets meer nodig is, sou 'n alte growwe godslastering wees; want daaruit sou volg dat Christus maar 'n halwe Saligmaker is.

> ... En voorwaar, as ons voor God moes verskyn en steun op onsself of op enige ander *skepsel*, hoe min dit ook mag wees, dan sou ons, helaas, verslind moet word (*NGB* Art 22-23; my beklemtoning).

Hierdie paar willekeurige voorbeelde maak dit duidelik dat, as die kerk één taak het, dit die taak is om seker te maak dat mense God alleen, en geen afgode naas Hom nie, aanbid, en dus ook om mense te help om, wanneer hulle in die spieël kyk, 'n *mens* daar te sien, en nie 'n god nie.

Nietzsche het al gewys dat mense denksisteme, gebruike, gewoontes, oortuigings, instellings ensovoorts, van 'n mitiese of mistieke omhulsel voorsien om dit so buite kritiek te stel. En hy het dit as sy taak gesien om daardie gemistifiseerde instellings en opvattings te *demistifiseer*, dit wil sê, om hulle mensgemaakte stralekranse en godemaskers af te haal en hulle te laat sien vir wat hulle is, naamlik gewone menslike instellings. [2] Ek wil suggereer dat die taak van die kerk óók is om gemistifiseerde menslike sisteme te *demistifiseer*, sodat die menslike sisteme en denke as *menslike produkte* kenbaar sal wees en die mens *mens* kan bly en hom nie begin verbeel dat hy God is nie, sodat mense voor *God* alleen sal neerkniel en Hom alleen sal aanbid.

## 2. DIE WêRELD WAARIN DIE KERK MOET OPTREE [3]

Ons het in Suid-Afrika daarin geslaag om heelparty menings en instellings dusdanig te 'mistifiseer' dat mense nou geneig is om, náás God, ook voor dié afgode neer te buig (vgl Bosch 1984; Deist 1986). 'n Paar voorbeelde ter illustrasie kan help om die toekomstaak van die kerk helderder te sien.

Aan die een kant is daar mense wat van *etnisiteit* (of die etniese groep) 'n afgod maak. En die kerk het hieraan 'n aansienlike aandeel gehad. [4] Met ons 'skeppingsordelike' denke het ons die begrip 'volk' dermate in 'n religieusiteit ingekapsel dat dit nie meer as 'n *menslike* verskynsel geken kan word nie. [5] Dit is waarom 'n getorring daaraan as heiligskennis beskou word. Dit is ook waarom kerke skeur as daar verskil van opinie oor etnisiteit ontstaan. Etnisiteit het by ons 'n absolute, en daarmee 'n goddelike, kategorie geword. Dit is waarom soveel mense nog steeds 'Bybelse' gronde aanvoer vir etniese of rasse-apartheid, [6] afsonderlike ontwikkeling, 'n skeiding tussen eie sake en algemene sake, en dies meer, en waarom mense enige afwyking van dié beleidsrigting *religieus* veroordeel. [7]

Aan die ander kant is daar mense wat van *die individu* 'n religieuse kategorie gemaak het. Menseregte en individuele vryhede, wat in werklikheid heilsame uitvloeisels van (Christelike) humanisme is, word as spesifiek 'Bybelse' konsepte

ingekleur. [8] En mense verabsoluteer dié konsepte - wat vanuit die perspektief van die geskiedenis van die mensheid 'n relatief onlangse ontwikkeling is (Fourie & Strauss 1988b) - in religieuse terme. Ook dié konsepte word dus soms in 'n religieuse raamwerk ingekapsel en vir goddelik aangesien. Dit is waarom mense *religieuse* regverdiging aanbied vir die die idee van 'n eenheidstaat wat op individuele regte en voorregte gebaseer is. Natuurlik is dit mense se reg om hulle daarvoor te beywer, maar dan moet die ywer duidelik 'n *menslike* ywer bly en nie religieus gemistifiseer word nie.

Daar is mense wat die *geskiedenis* sakrosant verklaar en daarvoor neerbuig. Veral die geskiedenis van blankes in Suid-Afrika word as 'n soort 'heilsgeskiedenis' geïnterpreteer [9] om daaruit af te lei wat *God* dan met ons wou of nie wou nie. [10] Nadat die geskiedenis met verwysings na die 'wil van God' gemistifiseer is, word uitsprake gemaak oor ons 'Godgegewe erfenis' of 'Godgegewe regte'. [11] En die 'regte' wat so uit die geskiedenis afgelei word, word 'n idole waarvoor mense neerval soos die Galdeërs voor die beeld van Nebukadnesar.

Daar is mense wat die *staat* op dieselfde wyse verabsoluteer. Verwysings na Romeine 13 gee hulle argument 'n *religieuse* aroma. [12] Intussen is die *regs*idee van 'n 'staat' maar 'n relatief onlangse ontwikkeling in die volkereg. Boonop is die vergodsdienstigde opvatting oor die staat 'n Konstantynse skepping wat uit 'n misverstand van die Ou Testament gebore is en deur Karel die Grote bevestig is. Die mate waarin ons die *Konstantynse* konsep van die staat ons eie gemaak het, naamlik dat die staat 'n instrument is vir die uitbreiding en beskerming van die evangelie, [13] word weerspieël in ons kapelaansdiensleuse: *in hoc signo*. [14] Dit is daarom nie snaaks nie dat dit - na my beste wete - nog net in Suid-Afrika is waar Artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* onveranderd gehandhaaf word. [15] Volgens dié artikel is die *staat* as die waker oor leer- (en lewens)suiwerheid in die kerk aangestel. [16] Dit is in hierdie verband dat die Christelike mistifisering van nasionalisme (vgl die konsep 'Christelik-Nasionaal' [17]) 'n *kerk*gevaarlike praktyk kan word. [18]

Daar is mense wat die *politieke party* mistifiseer en dan voor 'partybeleid' neerbuig. In Suid-Afrika is politiek en politieke beleidsrigtings sakrosant. [19] Behalwe vir die 'religious right' in die VSA is die RSA seker dié land ter wêreld waar God die meeste bygebring word om politieke beleidsrigtings religieuse sanksie te gee. [20] Ons het ons politiek dermate gemistifiseer dat mense meen om van die politieke party te verskil, is min of meer dieselfde as om aan God ongehoorsaam te word. En weer het die kerk in die verlede 'n sterk bydrae hiertoe gelewer (vgl Loubser 1987).

Daar is mense wat dieselfde doen met *politieke leiersfigure*. [21] Ook hulle kry 'n mistieke oureool van 'n 'Godgegewe' roeping en taak. [22] Hulle bly nie meer

gewone mense wat 'n menslike opinie uitspreek nie. En kort voor lank begin daardie leiersfigure dit self ook te glo. [23]

Daar is mense wat so 'n mistiek-religieuse krans om die ekonomie bou, dat sekere *ekonomiese sisteme* op sigself 'Christelik' en ander 'Satanies' verklaar word. Die een sweer by kapitalisme, die ander by sosialisme. Die ekonomie en kapitalistiese prosesse is dermate gemistifiseer dat mense in metaforiese taal daaroor praat: 'die mark' is senuweeagtig, 'die mark' voorsien 'n oplewing of insinking, 'die mark' wag op verdere aanduidings - so asof mense daar niks mee te doen het of daaraan kan doen nie. Nie mense nie, maar die geheimsinnige 'mark' dikteer ons bestemming.

Daar is mense wat dié of daardie *teologiese sisteem* mistifiseer. Mense buig voor dié of daardie kerk se leer as die laaste en finale goddelike waarheid [24] neer, dikwels onbewus in hoe 'n mate daardie kerkleer (onvermydelik) deur filosofiese en politieke oortuigings ingekleur is. Intussen kan daardie beskouing dikwels *slegs* vanuit 'n spesifieke filosofiese en politieke hoek as 'waar' beleef word. [25] Maar die relatiwiteit van teologiese insig word onder absolutistiese terme en taal bedek. Mense is vinnig om die splinter van 'n opponent se 'ideologiese' verkooptheid raak te sien en uit te wys, maar die balk in eie oog maak hulle glo dat hulle sienings direk van God kom. [26]

Daar is mense in ons land wat 'n stralekrans om *geweld* bou deur die gebruik van geweld tot 'n goddelike roeping te maak, en dit só te mistifiseer. Daar is diegene wat van 'the struggle' 'n religieuse kategorie maak via 'n beroep op Eksodus en Openbaring 13, [27] en daar is diegene wat, via 'n verabsoluteerde staatsbeskouing, van teengeweld 'n religieuse kategorie maak deur dit met die behoud van die Christendom te verwar. [28] So kry die Suid-Afrikaanse magstryd apokaliptiese trekke en word dit, van dié èn van daardie kant af bekyk, telkens 'n stryd van God teen Satan. [29] En kort voor lank word daar voor geweld neergeval as die god wat oplossings dikteer. Die bloedspoor wat deur die geskiedenis lê, het baie te make met die mistifisering van geweld, 'n mistifisering waaraan die kerk 'n nie onaansienlike aandeel gehad het. [30]

Suid-Afrikaners het 'n besondere gawe om alles te mistifiseer, in religieuse kategorieë te teken en 'Christelik' te verklaar. [31] En daarom het ons, ten spyte daarvan dat ons ons op 'Christelikheid' beroem, 'n besondere geneigdheid tot veelgodedom. Dit was juis omdat die kerk nie in die verlede bedag was op die oprigting van afgode nie en soms eerder aan afgode help bou het (deur dié of daardie siening religieus te mistifiseer) - en soms nog steeds help bou, dat mense vandag die kerk vaarwel toeroep. [32] En daarom het die kerk in Suid-Afrika 'n enorme taak vorentoe.

## 3. DIE TAAK VAN DIE KERK IN SUID-AFRIKA

As dit die taak van die kerk is om afgode af te breek en om te verhoed dat afgode opgerig word, het die kerk 'n kritiese taak in die samelewing.

Dit is beter om van 'n kritiese as 'n 'profetiese taak' te praat, omdat die 'profetiese taak van die kerk' ook al so gekontamineer geraak het met partypolitieke, ekonomiese en etniese voorkeure dat dit intussen die paspoort geword het vir die kerk om op partypolitieke terrein te opereer. Elkeen verstaan die 'profetiese opdrag' van die kerk in terme van sy of haar eie politieke voorkeure, en as mense daaroor aangespreek word, word hulle afgod agter die 'profetiese roeping' van die kerk verskans. Intussen was die profete dié mense wat teen die religiese mistifisering van menslike instellings geprotesteer het (vgl Jer 7: 1-15).

Die 'kritiese taak' van die kerk (die versameling van gelowige mense) is om op die uitkyk te wees vir menslike strukture en denkpatrone wat besig is om gemistifiseer te word en dit dáár waar dit verskyn, te beveg. Die kritiese taak van die kerk kom dus daarop neer dat die wêreld waarin ons leef mettergaan al hoe meer van sy mites gestroop word en mettertyd 'n al hoe meer *menslike* wêreld moet word namate die afgode daaruit verwyder word. Só verstaan, moet die kerk die wêreld in 'n sin *sekulariseer*.

Dit beteken dat die gelowige wat in die politiek doenig is, sal sorg dat die politiek 'n *menslike* saak bly en nie op die een of ander manier vergoddelik word nie. Dit beteken ook dat die gelowige wat in die burokrasie werksaam is, sal toesien dat die burokrasie self en die burokrate van die sisteem nie gemistifiseer word nie, maar 'n *menslike* en dienende gesig sal bly behou. Dit beteken ook dat die militaris sal toesien dat die gebruik van geweld nie 'vergoddelik' en as 'Christelik' voorgedoen sal word nie. Ook dat die teoloog sal toesien dat teologiese denksisteme nie gode word wat inkwisisies en brandstapels tot gevolg het nie. Oral sal die taak van die kerk daarin lê om te waak dat 'n afgod tussen ons opstaan en aanspraak maak op aanbidding.

En in die kerklike prediking en huisbesoek sal lidmate vir hierdie taak toegerus moet word. Bowe-al sal die kerk in sy prediking en bediening die geveg teen dié afgod van alle afgode moet aanknoop, naamlik selfsug, eiebelang en materialisme - want selfs egoïsme word gemistifiseer deur dit onder die liefdesgebod tuis te bring.[33] As die kerk die wêreld moet vermenslik, beteken dit bowe-al dat die wêreld 'n plek van *mede-mense* moet word. En om dit te bereik, moet die evangelie van *vergiffenis* en *selfverloëning* nie net gepreek word nie, maar gedoen word. [34]

Kies die kerk kant vir dié of daardie politieke stroming, dié of daardie ekonomiese sisteem of verklaar die kerk dié beleidsrigting eerder as daardie een 'Christelik' - en daarmee sakrosant - buig dit voor 'n afgod neer. Die kerk moet oor

die *hele spektrum* waak teen die oprigting van afgode. Dit is waarom die kerk ook - miskien selfs veral - 'n voortdurende kritiese blik na binne moet werp en selfkrities moet besig wees. Slaag die kerk nie daarin om die oprigting van afgode te stuit nie, sal ons 'n nasie van afgodedienaars word en is ons voorland die *teomagie* ('godestryd') waarvan die mitologie vol is. Eintlik is ons *reeds* 'n nasie waar baie gode gedien word, omdat soveel bloot menslike sake reeds gemistifiseer en sakrosant verklaar is. G'n wonder ons bevind ons in 'n sirkel van geweld nie. Waar soveel dinge soos in ons samelewing verabsoluteer is, móét die oorlewingsgeveg van die gode losbreek.

Die kerk het dus, na my oordeel, nie die taak om die hele wêreld uiterlik en struktureel te 'verchristelik' nie, maar om dit oral en innerlik te vermenslik en te 'sekulariseer.' [35] Omdat ons politiek tot onlangs (dusver?) net voorsiening gemaak het vir één beleid en één siening om te 'heers' en omdat ons elke so 'n beleid telkens 'Christelik' verklaar het, het ons telkens die politieke, ekonomiese of onderwysbeleid van die dag gemistifiseer. Gevolglik het ons alternatiewe rigtings implisiet - en soms ook eksplisiet - '*on*christelik' verklaar. Daarmee is die 'Christelik'-verklaarde rigtings tot op afgodery toe geprys en alternatiewe rigtings tot die diaboliese toe afgemaak. [36]

Die wêreld van ekonomie, politiek, opvoeding, etnisiteit en dies meer moet juis nie gemistifiseer word nie. Dit moet altyd duidelik wees dat wat daar gedoen word, die produk is van *menslike* dink en doen en dat dit dáárom altyd onaf, onvolledig, onvolmaak, uiters relatief en kritiseerbaar is. [37] Dis die taak van die kerk om alles in sy vermoë te doen om dié insig te help vestig. Dan mag ons - met ons herontdekte onvolmaaktheid en kortsigtigheid - dalk weer 'n keer *eg* van God afhanklik word in ons besluitneming ....

## 4. VOORWAARDES VIR SUKSES VAN DIE KERK IN DIE TOEKOMS

Wat die toekomstige bestaansruimte en die kerk betref, is daar twee moontlikhede. Die staatsopset kan radikaal verander of dit kan nagenoeg dieselfde bly. Of die geskiedenis nou na dié of daardie kant toe uitval, dit sal - na my oordeel - die taak van die kerk in geen opsig raak nie. Dit sal nog steeds die kerk se werk bly om (negatief) afgode-diens teen te staan en (positief) die evangelie van bevryding van afgode te verkondig. Die taak van die kerk om die wêreld te demistifiseer, sal dus net so bly staan. Om egter sy taak (binne dié of daardie sisteem) na behore te kan uitvoer, is daar bepaalde voorwaardes waaraan die kerk moet voldoen.

**4.1 Korreksies wat nodig is aan die kerk se selfbeeld**

Vir Nietzsche het die demistifikasie van mensgemaakte gode in diens gestaan van die 'Wille zur Macht' en daarmee in diens van die 'Übermensch'. Maar, 'so moet by dit by ons nie wees nie. Die belangrikste onder ons moet wees soos een wat dien.' As die kerk teen die vorming en oprigting van afgode veg, moet dit voortdurend daarop bedag wees om nie self 'n god te word nie. Die kerk mag nooit 'n *magsfaktor* in die wêreld wees nie. Daarom sal die Konstantynse kerkbeeld self gedemistifiseer moet word.

In Suid-Afrika het ons daaraan gewoond geword dat die kerk oral sigbaar en op die voorgrond is. Sondag is 'n openbare vakansiedag - danksy Konstantyn die Grote. Daar is altyd 'n dominee wat met Skriflesing en gebed open. Die kerk is amptelik en sigbaar verteenwoordig waar beleidsake (soos oor onderwys) bespreek word. Die kerk spreek hom publiek uit oor die politiek en die ekonomie en die sedes en wat nog. [38] In die proses het die kerk dikwels die klei aangedra waarmee die afgodsbeelde gevorm is, of die spykers gebring om stutte te maak vir die afgode wat gedreig het om te val - selfs al moes hy geweld legitimeer. Meer nog, dit is mettertyd aanvaar dat dit die *reg* van die kerk is om publiek aanwesig te wees. Maar is dit werklik die enigste of selfs beste 'struktuur' waarbinne die kerk kan funksioneer? [39]

Of die staatsopset nou al dieselfde bly of radikaal verander, die kerk self sal van sy stralekrans ontdaan moet word en weer die slawekleed moet omsit en ander - ook ander Christene - se voete moet begin was. Die kerk sal moet besef dat hy in die wêreld gestuur is om (meestal in die verborgene) te *dien*, nie om prominent te wees nie. Die kerk is daar om vermanend en wakend lig te maak, nie om politieke, sosiale en ekonomiese voorskrifte uit te deel nie. Die kerk is daar om die mense te evangeliseer sodat hulle mense sal word wat God dien, nie die afgode nie. En daarvoor het 'n mens nie die openbare podiums nodig nie. [40] Jy hoef dan maar net die suurdeeg voor te berei wat in die samelewingsmeel ingewerk kan word, of die lig op te steek wat op die maatemmer geplaas kan word, of die sout van die aarde te wees wat smaak kan gee aan die gereg, want die mostersaad groei vanself. Die groei van die kerk is 'n saak vir God. Die kerk moet maar net getrou bevind word in die taak wat hom opgelê is. Miskien sal die kerk, as dit van sy stralekrans ontdaan word en weer die slawekleed aantrek, vorentoe minder opsigtelik wees, maar daarom dalk ook minder gekontamineer en derhalwe meer effektief.

**4.2 Korreksies aan die verhouding tussen kerk en staat**

Indien ons staatsopset wesenlik dieselfde bly wat die erkenning van die kerk se rol betref, en indien die staat sou voortgaan om te erken dat die kerk belangrik is, is

daar 'n paar sake wat vorentoe aandag sal vra.

Wat die kerk betref, sal hy hom moet ontworstel aan die Konstantynse opvattings oor die verantwoordelikheid van die staat teenoor die kerk en van sy Konstantynse bevoorregting moet afstand doen om *strydende* kerk te bly. Dis onpopulêre - soms selfs gevaarlike - werk. Miskien, as die kerk só begin kerk wees, is daar heelwat minder as 80% van die bevolking wat hulleself weer in die sensusvorms as 'Christene' sal aandui. Miskien word dit weer 'n heel onbeduidende groepie mense. Maar so 'n kerk sal ontdaan wees van sy eie afgode en God weer aanbid. En waar dit gebeur, kan mense werklik weer *mense* en *mede-mense* word. Waar sulke mense in die meel van die samelewing ingeroer word, kán daar vrede kom in ons geweste.

Maar dan mag die kerk *nooit* (weer) in die strik trap om 'eenheid' te probeer soek omdat dit die staat pas of ter wille van die politieke gewin van dié of daardie party of groep of ter wille van sy eie posisie nie. As die kerk nie politiek gedienstig is nie, is dit van niemand anders as van God self afhanklik vir sy voortbestaan nie, en daarom ook nie van staatserkenning of staatsgoedkeuring vir die boodskap wat verkondig word nie. Dan kan die kerk die lig van die eerste gebod oor die *hele* spektrum laat skyn en werklik *kerk* wees. Die kerk mag dus *nooit* (weer) en aan *niemand* (ooit weer) politiek gedienstig word deur dié of daardie instelling of beleid te mistifiseer, goddelike sanksie te gee en daarmee buite kritiek te stel nie. Doen die kerk dit wel, sal hy nie net sy roeping om afgodery teen te staan, verloën nie, maar selfs positief bydra tot faksie-vorming in Suid-Afrika en tot die eskalasie van die gode-oorlog waarin ons tans met mekaar gewikkel is.

Wat die staat betref, is daar ook voorwaardes vir die effektiewe funksionering van die kerk, hoewel dié 'voorwaardes' van 'n ander orde is as dié wat sopas aan die orde was. Die kerk het nie die een of ander Konstantynse staatserkende 'reg' om allerlei voorwaardes vir 'samewerking' met of vir steun aan die staat te stel nie. Sodra ons die Konstantynse staatsidee agter ons laat, is die kerk geen *magsfaktor* waarmee politiek 'rekening gehou' moet word nie en kan dit daarom geen 'voorwaardes' vir 'samewerking' stel nie.

Maar *as* die staat, danksy die Christelike suurdeeg wat in die meel van die regerings ingeroer is, werklik teen die oprigting van afgode in die staat gekant is en dus effektiewe ruimte vir die kerk *wil* maak, is daar 'n paar sake wat regeringsmense (wie hulle ook al in die toekoms mag wees) in gedagte moet hou, en waarvan net 'n paar voorbeelde hier volg.

Eerstens is die vrye beskikbaarheid van inligting en die vrye uitruil van menings van *wesenlike* belang. As die kerk effektief teen afgode en waanbeelde moet stry, moet dit oor die *inligting* beskik wat 'n gesonde oordeel moontlik maak. Dis net as

'n mens die volle verhaal ken, dat jy die beslissings en besluite wat geneem word, werklik kan beoordeel. As die staat dus van die kerk 'n bydrae tot vrede verwag, moet die betrokke regering en staatsamptenary sorg dat die staat óóp is en nie maar op blinde vertroue aanspraak maak nie. Solank 'n regering relevante inligting oor staatsake weerhou, eensydige inligting verskaf en maar net 'n beroep doen op mense se vertroue in sy *bona fides*, is dit besig om homself te mistifiseer en om aanleiding te gee tot afgodery en miskien selfs om 'n Nebukadnesarbeeld op te rig. Solank 'n regering so optree, sal die kerk daarteen móét protesteer, en solank die kerk met halwe inligting moet werk, sal dit halwe (selfs onverantwoordelike) kritiek lewer.

Tweedens sal 'n regering van die staat bereid moet wees om gekritiseer te word en nie met allerlei truuks moet probeer om slegs *sy* wil te laat geskied nie. 'n *Publieke* gesprek tussen regering en kerk is dan van die uiterste belang, 'n gesprek waarvan die vrae en antwoorde nie vooraf afgespreek is nie. Só sal kerk èn staat die mense voor wie hulle staan, van hulle *bona fides* kan oortuig.

Derdens sal die staat nie op 'n Konstantynse of Karolingiaanse manier kerklike gunste mag verwag in ruil vir sy 'geduld' en 'openheid' nie. [41] Die staat sal dan die kerk moet toelaat om waarlik *kerk* te wees sonder om te verwag dat die kerk hom vir dié 'toelating' politiek moet ondersteun. Dit sluit ook in dat regeringsbeleid, landswette en regspraak respek toon vir die gewete en ruimte laat vir mense se gewetensoortuigings.

So 'n ideale atmosfeer sal die kerk die geleentheid gee om sy funksie optimaal uit te oefen sonder om gedwing te word om vir dié of daardie siening kant te kies. En waar dit gebeur, sal:

- Christenwees die kuns word om 'n gewone *mens*, en nie 'n god nie, te sien wanneer jy in die spieël kyk;
- kerklidmaatskap nie 'n prestasie wees wat 'n mens 'n bevordering besorg of waarop 'n mens kan roem nie - ook nie van politieke verhoë af nie - maar 'n opdrag tot kritiese en selfkritiese mens-wees en medemense-wees, en 'n opdrag tot selfverloëning en diens;
- Christenskap ook nie 'n klomp ingewikkelde teologiese teorieë en baie vroom woorde beteken nie, maar 'n taak wees, 'n werk wat jy doen, naamlik om jouself te verloën en jou naaste te dien en te waak teen die oprigting van afgode;
- die verhouding tussen kerk en staat nie 'n geval wees van die een hand wat die ander was nie, maar altyd dié van 'n empatiese, maar kritiese afstand;
- mense miskien minder kerklike woorde hoor, maar meer kerklike dade sien en, in plaas van die kerk, die Vader wat in die hemel is, verheerlik.

## 5. BESLUIT

Kan die kerk 'n verdelende faktor in Suid-Afrika wees? Beslis, as die 80% wat sê dat hulle Christene is, nie 'n mens nie, maar 'n godjie sien wanneer hulle in die spieël kyk. Beslis, as die kerk sal voortgaan om op 'n Konstantynse manier kerk te wil wees deur sy gewete te verkoop vir 'n Konstantynse vergunning. Beslis, as die kerk sal voortgaan om afgode te help skep sodat elke faksie van die bevolking elkeen voor sy eie god kan neerbuig.

Kan die kerk 'n verenigende faktor wees in die Suid-Afrika van die toekoms? Beslis,

- as die 80% wat sê dat hulle Christene is, werklik 'n *mens* in die spieël sien as hulle daarin kyk,
- as hulle van harte Christene is wat die pad saam met Christus na Golgota toe geloop het en selfverloëning aangeleer het,
- as ons nie die wêreld uiterlik met wette probeer 'verchristelik' om dan voor ieder en elke Christelik-verklaarde afgod neer te buig nie,
- as die kerk ons kan leer om mekaar se opinies ernstiger te neem wanneer ons verskil, omdat ons aanvaar dat ons nie, elkeen op sy eie godetroon, die waarheid in pag het nie,
- as die staat die kerk sal toelaat om voortdurend krities aanwesig te wees sonder om politieke gunste daarvoor in ruil te verwag,
- as die staat Christene in die geleentheid sal stel om verantwoordelike beslissing te maak deur die beskikbaarstelling van tersaaklike inligting en die vrye gesprek moontlik te maak,
- as die staat en elkeen wat in staatsbestuur betrokke is, self ook daarteen sal waak om van homself of haarself as 'n soort god te dink.

Om dit te bereik, het die kerk 'n enorme taak om in Suid-Afrika te vervul. Dit moet ook die doel van die kerk bly, of die staat vir hom daardie ruimte skep of nie.

## ENDNOTAS

1 Dit was omdat Jesus teen hulle dogma oor die tempel en hulle siening van God gebots het dat hulle Hom aan godslastering skuldig bevind het (Matt 21: 61-66).

2 Ek verwys net na enkele van Nietzsche se uitsprake in sy 'Wille zur Macht' (Nietzsche 1980): 'Meine Aufgabe: die Menschheit zu Entschlüssen zur drängen, die über alle Zukunft entscheiden!' (bl 13); 'Ich träume eine Genossenschaft von Menschen, welche unbedingt sind, keine Schonung kennen und "Vernichter" heissen wollen: sie halten an alles den Massstab ihrer Kritik und opfern sich der Wahrheit: Das Schlimme und Falsche soll ans Licht!' (bl 18); 'Meine Einsicht: alle die Kräfte und Triebe, vermöge deren es Leben und Wachstum gibt, sind mit dem Banne der Moral belegt:... Man muss die Moral vernichten, um das Leben zu befreien' (bl 86/7). Nietzsche se *doelwit* verskil egter van die doelwit van die kerk - waarop ek later terugkom.

3 Ek gebruik hiervandaan met opset voorbeelde uit kerklike literatuur van meer as 50 jaar gelede. Enersyds om die oorspronge van bepaalde opvattings aan te dui, maar andersyds ook om nie 'n beskuldigende vinger na kontemporêre kerklui te wys nie. Dit gaan nie om persone nie, maar om die verskynsels wat hiervandaan aan die orde gestel word.

4 Hoewel daar ook mense was wat voortdurend hierteen gewaarsku het, het daar in die jare dertig en veertig talle briewe en artikels in *Die Kerkbode* verskyn waarin predikante aan hierdie god help bou het. So byvoorbeeld skryf ds JA Theron in die briewekolom van 1 Nov 1939 (bl 821-822) dat ons naas die belange van die koninkryk van God 'ook ons volksbelange op die voorgrond (moet) stel, want die twee kan nie geskei word nie, ons vind hulle hand aan hand op die "Pad van Suid-Afrika".' In dieselfde kolom skryf ds JF du Toit dat een van die temas waaroor hy dikwels preek, Afrikanerbewustheid is, want hy kan nie nalaat om daarop te wys dat die Afrikanervolk 'n geskiedenis het wat betekenisvol is en 'n roeping het wat 'apart van ander volkere' is nie. Van dié soort opmerking is daar talle voorbeelde. En dis nie net in die Ned Geref Kerk waar dié afgod opgerig is nie. Reeds in 1873 besluit die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk dat alle kerkrade vermaan moet word *dat zij er voor zorgen dat de kleurlingen niet onderwezen worden, noch godsdienst genieten in dezelfde gebouwen met de blanke bevolking* (Aangehaal in *Die Kerkbode* van 23 Jan 1935, bl 168-170).

5 Vgl reeds in die grondwet van die ZAR van 1858, waarin dit onder meer lui: *Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanken ingesetenen toestaan, noch in Kerk noch in Staat* (*Die Kerkbode* 14 Jan 1935, bl 168-170). Hier is 'het

volk' al 'n entiteit wat bó die individuele mense 'sweef' en word kerk én staat vanuit die begeerte van 'het volk' georganiseer.

6 Dit was darem nie altyd (net) die Ned Geref Kerk wat rasse-apartheid begroet het nie. Terwyl *Die Kerkbode* die afskaffing van 'naturellestemreg' as 'n 'pynlike ervaring' vir baie mense beskryf, en slegs op die praktiese nut daarvan wys, het die *Cape Times* dit as "n besliste stap vooruit' bestempel en het die *London Times* daarop gewys dat die ou stelsel in die praktyk ondoeltreffend was (*Die Kerkbode* 1 Mei 1935, bl 851).

7 Vgl Brief aan *Beeld* van 24 Jan 1986 (bl 10) waarin vanuit 'n *religieuse* hoek ernstig beswaar gemaak word teen die demistifikasie van die Afrikaner-geskiedenis.

8 Vgl B Lategan *et al* (1987), wat tot op datum seker die beste teologiese verantwoording vir mensregte bied, maar waarin daar ook nie uitgespel word dat dié konsep basies van onlangse datum is nie. Vgl my resensie op dié publikasie (Deist 1988). Vgl ook die bespreking van dié dokument in Reforum-Nuusbrief van Julie 1988. Die anti-apartheidsteologie is soms geneig om dieselfde fout te herhaal wat vroeër gemaak is toe apartheid sakrosant verklaar is. Vgl FC v N Fourie & DFM Strauss, 1988a.

9 Vgl Kestell (1938), wat beweer dat die Kerk aanvanklik nie Gods hand in die Afrikaner se geskiedenis gesien het nie, maar nou 'tot inkeer' gekom het. Hierdie gedagte loop soos 'n goue draad deur dié hele *Voortrekker-Eeufees-nommer.*

10 Weer kan 'n voorbeeld uit 'n *Kerkbode*-artikel uit die vroeër jare die punt illustreer: In 'n Boodskap van die moderatore van die vier Gefedereerde Ned Geref Kerke aan 'die hele Afrikanervolk' (1939) lui dit onder meer: 'God het op 'n wonderlike wyse die afgelope paar eeue sy hand oor die Afrikanervolk gehou... sodat ons vandag met 'n eie geskiedenis, kultuur en taal, 'n eerbare plek mag inneem in die ry van volkere. In dit alles het die doel van God langsamerhand kenbaar geword. Hy het vir ons 'n heilige roeping opgelê om hierdie geliefde land as ons eie te besit en te ontgin en om hiervandaan die lig van sy waarheid te laat skyn in alle rigtings. Onder die indruk van hierdie roeping het die Afrikaner verlede jaar die Voortrekkereeufees en in die afgelope weke die Hugenote-fees gevier. In dit alles was hy bewus van die leiding van God met hom en in die oortuiging in die hart versterk dat God hierdie volksplanting nog verder sal bewaar en seën. Daar lê vir ons 'n heerlike toekoms voor as ons doelbewus binne die wil van God bly en onsself in sy hand stel.' Dat ander volkere (wat van elders gekom het) dalk óók deur God gestuur is om die land te besit en te ontgin (soos die Nguni-volkere) word nie oorweeg nie - maar vgl

Amos 9: 7, waar die parallelle Israelitiese roepingsbewustheid met 'n soortgelyke argument weerlê word. Die probleem van hierdie mistifisering van die geskiedenis is dat dit later boemerang - en mense in die proses hulle *geloof in God* verloor: Aangesien ons vandag nou *nie* meer 'n eerbare plek inneem onder die ry van volkere nie, en omdat die volksplanting nou duidelik nie meer onder dieselfde 'seënende' hand van voorspoed leef nie, wat moet ons nóú uit die geskiedenis aflei: Dat God afwesig is?

11 Vgl hoe dié soort reg van die Afrikaner op sy eie land, taal en godsdiens uit die geskiedenis afgelei word in 'n toespraak tydens 'n volksfees by die Vrouemonument (*Die Kerkbode* 22 Jan 1936, bl 166-167).

12 Vgl die destydse siening van die Vrystaatse sinode van die Ned Geref Kerk oor die verhouding tussen kerk en staat (*Die Kerkbode* 11 Sept 1935, bl 513): 'Onder die oue Bedeling was Kerk en Staat *een*. Dit was 'n Teokrasie. ... En dit is 'n bewys dat in Gods oorspronklike plan, die twee *een* behoort te wees. Onder die Nuwe Bedeling word die twee wel as apart bestaande beskou, maar hulle is tog nie geskei nie, en kan nie, en mag nie, geskei word nie. Dit is ook hier waar dat "wat God saamgevoeg het, moet die mens nie skei nie." Hierdie verband word ook aangetoon deur artikel 37 (sic!) van ons Nederlandse Geloofsbelydenis.'

13 Daar word dikwels ook 'n stralekrans om Konstantyn die Grote self getrek om só die Konstantynse staatskonsep te regverdig. Vgl egter GS Wegener 1965: 57 vv: 'Dit is beslis verkeerd om van Konstantyn se "bekering" te praat. [Dit is ongetwyfeld] bloot om politieke oorwegings ... dat hy onmiddellik 'n heeltemal ander houding teenoor die Christendom aanneem as die meeste van sy voorgangers. Die kerk het 'n mag geword wat ook die keiser nie meer kan ignoreer nie... In die volgende jare word telkens nuwe vergunnings toegestaan. ... *Hy* is dit wat die vryheid van die kerk verkry het, wat aan die kerk erkenning, wêreldwye invloed, regte en voorregte verskaf het; dus kan hy aanspraak maak dat die kerk hom moet steun... Teen hierdie agtergrond is dit begryplik waarom geen mens daaraan aanstoot neem dat keiser Konstantyn homself *pontifex maximus* laat noem nie... Wanneer hy sy skoonmoeder om die lewe laat bring, sy seun ... uit die weg ruim, sy neef en ... ander goeie vriende ... teregstel, verhef geen enkele biskop sy stem nie.'

14 Vgl FE Deist, 1983a: 68-76 vir die dilemma waarvoor hierdie leuse die Christen plaas.

15 Vgl voetnota 12 hierbo vir 'n tipiese manier waarop dié artikel al ingespan is, en voetnota 16 hieronder vir protes wat al uit kerkkringe téén hierdie artikel aangeteken is.

16 Vgl die formulering: 'Met dié doel het Hy (God) die owerheid die swaard in die

hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm. En hul amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om *die hand te hou aan die heilige kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder...* '. Dit spreek natuurlik vanself dat, indien 'n owerheid (in die oë van 'n groot getal burgers) versuim om 'afgodery en valse godsdiens' te weer, so 'n owerheid eweneens met die swaard uit die weg geruim mag word. Waar apartheid reeds deur 'n groot deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tot 'afgodery' verklaar is, is dit voor die hand liggend dat die gewapende stryd teen die regering van die dag *per definisie* sakrosant verklaar is! Vgl ook die beswaar wat al in 1936 in 'n hoofartikel in Die Kerkbode oor hierdie belydenis aangeteken is (*Die Kerkbode* 8 Jul 1936, bl 52-54: 'Daar is waarskynlik niemand onder ons, wat as hy met sorg daardie artikel lees, daarmee ten volle sal instem nie. Algemeen word ook by Proponentseksamen en by ander geleenthede erken dat ons dit met hierdie artikel so nou nie moet neem nie.'

17 Nie baie mense is deesdae meer bewus waar dié idee se *filosofiese* oorspronge lê nie. Destyds is daar oor die Kalvinistiese Bond gesê dat dit ten doel het "n herfundering van ons volkslewe op Kalvinistiese grondslag en die samevatting van alle organisasies wat enigsins werk in die rigting van reoriëntering van ons volkslewe volgens die Christelik-Nasionale beginsels van ons volksverlede, tot een groot federasie van nie-politieke en nie-kerklike aard' (*Die Kerkbode* 12 Des 1934, bl 1123). Wat die implikasies hiervan t o v die verhouding tussen kerk en staat sou wees, het min mense destyds besef. Min het ook kon dink dat dié idee mettertyd 'n soort Konstantynse staat sou probeer vestig deur kerklikgesanksioneerde opvattings *wetlik* en andersins op almal af te dwing. So is die 'voogdyskap-idee' (van blank teenoor swart) indertyd kerklik as 'n direkte uitvloeisel van 'n 'Christelik-Nasionale' uitgangspunt aangeprys, asook die vermyding van enige poging tot die 'menging van rasse' (*Die Kerkbode* 13 Jun 1934, bl 1074). Dat dié koers dus nie so nie-polities was as uit die aanhaling hierbo mag skyn nie, is duidelik. Dit blyk ook uit 'n uitspraak soos: 'Kalvinisme is veel meer as 'n kerkleer, ja inderdaad 'n allesomvattende lewensleer (en was) reeds tot groot seën in ons kerke, ons huislike lewe, ons naturelle-beleid' (*Die Kerkbode* 12 Des 1934, bl 1123). Mettertyd is daar gevra vir talle 'Christelike' instellings, bv Christelike hotelle, Christelike literatuur (*Die Kerkbode* 4 Sept 1935, 472-474); Christelike politieke instellings (28 Aug 1935, 42) en staatkunde (*Die Kerkbode* 21 Aug 1935, bl 385); ens asook vir wetgewing oor kleredrag (*Die Kerkbode* 29 Aug 1934, bl 371) e d m.

[18] Vgl FE Deist 1982, 19-27. Watter mooi definisies ons ook al aan dié konsep gee, dit bly 'n generator wat gewone *menslike* funksies en verhoudinge mistifiseer en metafisies veranker. Vgl hoedat die natuurlike 'volkseie' *outomaties* 'n religieuse karakter kry in E Greyling (1941). Inderjare het ene HF Moller (1935) soos volg op die idee van die 'verchristeliking' van die samelewing gereageer: 'En nou, geagte Redakteur, ek is nie 'n profeet nie, maar dis nie nodig om juis profetiese gawes te besit om die volgende voorspelling te maak nie: Die "Afrikaanse" Kalvinisme ... het op 'n Afrikaanse perd geklim, wat hulle op Afrikaanse bodem met Afrikaanse grond, baie ongenadig sal laat kennis maak'.

[19] Vgl die verkiesingspreek van ds CR Kotzé (1955: 64-67), waarin kennelike propaganda gemaak word vir die Nasionale Party met uitsprake soos die volgende: 'Afrikanerdom, hierdie dag van jou! Dis die dag vir die christendom, die dag van nasionalisme. ... Hoe meer christelik 'n mens is, hoe suiwerder die beeld van God nog in hom is, hoe sterker kom die vryheidstrewe uit.... Van die vroegste eeue af is die empire en nasionalisme teen mekaar in 'n worsteling om lewe en dood. Aan watter kant was die manne en vroue van Godsvrug? ... Dink aan Moses teen die Farao se empire. Dink aan Jesaja teen Ninevé se empire. Dink aan Daniël teen Nebukadneser se empire ... Dis almal mense wat ons Bybel geskryf het. Noem één enkele empire-mens wat God kon gebruik om die Bybel te skryf! Noem onder ons Geuse en Hugenote en Voortrekkers één enkele empire-mens! Dink aan ons Geloftedagvieringe en heldedagvieringe; word daar ooit één naam van 'n empiremens genoem? Dink dan, en dink nog. Wat is jou roeping op hierdie dag?'

[20] Vgl JA Loubser, *The Apartheid Bible. A critical review of racial theology in South Africa*, Cape Town: Maskew Miller Longman, 1987.

[21] Dit geld ook indiwidue uit die verlede. Vgl hoedat Piet Retief geteken word in *Die Kerkbode* van 8 Feb 1939, bl 244-247: 'Hoe eerlik was Piet Retief selfs teenoor die wreedaard Dingaan! Hy waag sy lewe vir die eer van die witman, vir die woord van 'n Christen. Hy sterf vir die eer van die Afrikaner. Maar God eer hom en sy dapper bende. God bewaar die traktaak daar op Golgota buitekant Dingaan se kraal - vir die eer van die Afrikaner en sy nageslag.'

[22] Vgl die begrafnistoespraak van ds GJJ Boshoff (1959: 66-73) by die afsterwe van mnr JG Strydom, waarin hy onder meer sê: 'Is die Republiek van Hans Strijdom nie miskien net so seer 'n wekroep van God, as die uittog uit Kanaän nie?... Het daar al 'n man oor sy volk gedroom soos Hans Strijdom gedroom het? Hy wou vir sy volk vlerke maak, wat hulle na die son kon dra... Nou weet ons, Hans Strijdom was soos Josef, nie 'n dromer nie, maar 'n volksprofeet!...

Hans Strijdom het sy lewenslamp by Josef aangesteek. Nooit het die nag hom ooit oorweldig nie. In dae van die grootste leed, het hy 'n volle son besit. Vir sy volk was hy 'n hawe in die storm, en 'n toring in die stryd. Hy het die maerste koringare, saamgebind in gerwe van ons mooiste hoop. Hy het sy volk se boeie in drome verander, en sy volk se wonde in winste omtower...'.

23 Natuurlik is 'n mens bly as 'n leiersfiguur sy menslike opdrag as 'n verantwoordelikheid voor God ervaar en as mense so iemand ook voor God aanspreeklik hou. Maar 'n mens word benoud as daardie siening die pos mistifiseer en buite kritiek stel.

24 Vgl Kotzé (1934), waar dit onder meer lui: 'Sal ons soos waardige Kalviniste ... daartoe oorgaan om almal wat die Bybel eners verstaan ... byeen te bring ...? Dié wat die Skrif anders verstaan, moet en sal soos eerlike mense elders gaan aansluit. ... Hier is ons eenheid.' Vgl ook die klag van Cillie, Cruse & Honiball (1934): 'As iemand hier op Stellenbosch van liefde en vrede praat, bring hy die kerkleer in gevaar! As hy praat van verdraagsaamheid en versoening, verwerp hy die Belydenisskrifte! Is hy nie 'n Kalvinis nie! Nie Gereformeerd nie!'

25 Vgl in dié verband Van Huyssteen (1986), waar die teorie-geladenheid van teologiese uitsprake duidelik uiteengesit word. Vgl ook Van Heerden (1988), waarin aangedui word dat die getwis oor 'regsinnigheid' wat sedert die jare twintig in dié kerk voortduur, die gevolg is van 'n naïef-realistiese kenteoretiese raamwerk wat ons saam met die Amerikaanse fundamentalisme en die Neo-Calvinisme geërf het.

26 Vgl FE Deist, (1983a; 1983b), waar dié probleem uitvoerig bespreek word.

27 So byvoorbeeld in die *Kairosdokument* (vgl JW Hofmeyr *et al* (1987) vir 'n agtergrond).

28 Vgl die brief wat Karel die Grote aan pous Leo III geskryf het en waarin hy onder andere sê: 'Ons taak is om ... die heilige Kerk van Jesus Christus teen aanvalle deur die heidene en verwoesting deur ongelowiges met die wapen te verdedig... U taak is ... om, soos Moses met hande tot God verhef, ons krygsdiens te ondersteun' (Wegener 1965: 98).

29 Vir baie van die blankes is die swart teenstand teen regeringsbeleid deel van Satan se stryd teen die Christendom. Omgekeerd is die regering - en selfs die staat as sodanig - 'n Sataniese mag wat omver gewerp moet word. Ons is voortdurend met 'n heilige oorlog besig omdat ons geweld self in 'n religieuse mistiek ingekapsel het.

30 Vgl die verhaal van die kerk se aandeel in oorlogsgeweld sedert 313, soos vertel deur K Deschner (1983: 16-24): Vóór 313 het die kerk nie alleen militêre diensplig verdoem nie, maar ook elke vorm van geweld afgekeur - selfs geweld

uit noodweer gebruik. In 313 ontvang die kerk 'burgerreg'. In die vyfde eeu verklaar die kerkvader Theodorus dat oorlog groter voordeel inhou as vrede; in die sewende eeu word die trek van die swaard teen die 'ongeloof' 'n soort voorwaarde vir heiligheid. In die kruistogte het na raming 22 miljoen mense die lewe gelaat; tydens die verowering van Amerika is ongeveer 50 miljoen mense in die naam van die evangelie gedood; een-derde van die Duitse bevolking het in die Europese godsdiensoorloë van die 17de eeu omgekom; met kerklike seën het daar tussen 1914 en 1918 10 miljoen mense omgekom, is 20 miljoen verwond en het 7 miljoen verhonger. Kardinaal Faulhaber het Hitler se kanonne die spreekbuise van die 'roepende genade' genoem. En dis maar enkele voorbeelde. En dan is daar nog niks gesê oor kerklike vervolging tydens die inkwisisie en heksejag nie.

31 Vgl die aaneenskakeling van konsepte in die volgende vraag en een van die antwoorde daarop in *Die Kerkbode* van 15 Feb 1939, bl 307-310: 'Waarheen roep God ons om te trek? Waarheen? - sê die *Woord van die Here; waarheen? - sê die ossewa; waarheen - sê die volkstradisie. ... na 'n staatsinrigting waarin die Voortrekkerbeginsels* van vryheid, reg en geregtigheid tot hulle reinste en verhewenste verwesenliking kom, altyd egter met die voorbehoud dat die soewereiniteit van God geëerbiedig en gehandhaaf moet bly' (my beklemtoning).

32 Dit was ook in Ou-Testamentiese tyd so. Omdat die koning, die stad en die koninkryk van Israel religieus ingekleur en gedui is en dié simbole mettertyd met God self verwar is, het die Israeliete se *geloof in God* 'n skok gekry toe Nebukadneser die land ingeneem het. Daarvan getuig die boek Klaagliedere.

33 Een van die gewilde argumente lê buitengewone klem op die 'soos jouself' van die liefdesgebod deur dit as 'n *opdrag* tot selfliefde, en daarmee tot selfbehoud, te interpreteer. Wat uit dié intepretasie as praktyk vloei, staan meestal lynreg in stryd met Christus se opdrag tot *selfverloëning, selfkruisiging*, die *draai van die ander wang*, en dies meer.

34 As daar één ding is wat die gevestigde kerke uit die bevrydingsteologie kan leer, is dit dat teologie nie 'n 'denksisteem' moet wees nie, maar 'n lewenspraktyk; dat teologie nie 'beoefen' moet word nie, maar 'gedoen' moet word.

35 Ek gebruik die term nie in sy normale kerklike betekenis van 'verwêreldliking en kerkvervreemding' nie, maar as teenoorgestelde van 'mistifiseer', d w s in die betekenis van: Om aardse dinge as aardse dinge (onderworpe aan tyd en ruimte, en daarom aan verandering) te beskou en dit nie vir metafisiese onveranderlikes aan te sien nie. Dis terselfdertyd 'n antoniem van 'n naïewe natuurlike teologie, waarin die wêreld *soos dit is* die kenbron word van die

goddelike wil.

36 Die 'diabolies' verklaar van 'n beleidsrigting is natuurlik óók 'n vorm van mistifikasie, want dit plaas daardie beleid of siening in die kader van 'Satan', die teenhanger van God.

37 Vgl die redakteurskommentaar in *Die Kerkbode* van 8 Jan 1936, bl 52-53: 'Daar is kleurslagboom-wetgewing deur ons Volksraad enige jare gelede ingevoer (dog, na ons meen, nog nie toegepas nie), wat die medemens sekere ernstige beperkinge in sy ontwikkeling en lewensbeoefening oplê. Die pleitgrond daarvoor was selfbehoud van die witman, maar of dit nou volkome billik en regverdig is teenoor die swartman? Ons staan op die vooraand van uitgebreide naturelle-wetgewing en daardie wetgewing kan gemaklik 'n ernstige toets van ons Christendom word. Sommige Kerke het hulle oor hierdie wetsontwerpe uitgespreek ... en van ons politieke voormanne het dit die Kerke verwyt dat hulle vir hulle met sake bemoei buite hulle terrein. Ons kan ons met daardie verwyt nie verenig nie. As die Kerke hulle funksie as die sout van die aarde ... sal vervul, moet hulle ten opsigte van alles wat aandruis teen die beginsels van die Christendom getuig. 'n Kerk dus wat nie teen kwaad getuig nie, het sy bestaansreg verloën.'

38 Wegener 1965: 59 maak dié veelseggende opmerking oor die kerk in Konstantyn se tyd: 'Die *ecclesia pugnans* het nou die *ecclesia triumphans* geword: die strydende kerk is nou die seëvierende kerk!' en gaan op bl 60 voort: 'Die staat as beskermer van die kerk, die kerk as stut vir die staat: Politiek gesien, is dit 'n uitstekende konsep; iets beters kan nouliks bedink word. Die uitwerking is vir die Christendom egter katastrofaal.'

39 Vgl Barth (1958: 30-33): *Stond niet achter dit alles de onderstelling: het christendom en de christelijke belijdenis kunnen en moeten heel normaal ... door allen en ieder erkend en gewaardeerd worden? En: de wereld als zodanig is verplicht, de christenheid het recht op deze bestaansvorm in haar midden toe te kennen? Wat bij u in de DDR en ook wel in andere marxistisch georiënteerde landen komen gaat, schijnt een dikke streep door deze hele rekening te zijn...* ('n Mens moet die vraag stel) *of de christenheid haar opdracht slechts in die voor haar tot nog toe vanzelfsprekende bestaansvorm kan vervullen, slechts in het licht van deze openbare bescherming en erkenning of in elk geval in dat van een openbare tolerantie, slechts met behulp van dat gehele volksapparaat en onder voorwaarde van het bezit van een van rechtswege bestaande aanspraak op allen en een ieder. Waar lezen we eigenliik, dat de eerste gemeenten van Jezus Christus ... zich in deze bestaansvorm hebben mogen verheugen? ... Het ogenblik kan komen ... waarop God met deze bestaansvorm vanwege haar in elk geval tastbare*

*onwaarachtigheid en onvruchtbaarheid tot ons leedwezen, maar tot zijn eer en tot zegen van de mensen, afrekent."*

40 Vgl K Barth 1958: 28: *Zij* (die kerk) *moet tegenover de wet van de staat niet met de wet van de kerk komen staan. Zij moet het dialektisch materialisme niet met een christelijke wereldbeschouwing, de socialistische moraal en politiek niet met een christelijk tegenprogram, de macht van de partij en politie niet met een bischoppelijke en ook niet met een synodaal presbyteriale ambtelijke macht ... beantwoorden. Het moet haar niet verdrieten, uitsluitend op het Woord en de Geest aangewezen te zijn ... altijd God en de mensen dienend en dus nooit zo, alsof zij harerzijds over God en de mensen zou willen en kunnen beschikken.'*

41 Selfs Hitler het die kerk aan sy kant gekry deur hom openlik uit te spreek ten gunste van die 'herstel van morele waardes' in Duitsland. Vgl sy toespraak van 23 Maart 1933, waarin dit onder meer heet: *Indem die Regierung entschlossen ist, die politische und moralische Entgiftung unseres öffentliches Lebens durchzuführen, schafft und sichert sie die Voraussetzung für eine wirklich tiefe, innere Religiösität... Die nationale Regierung sieht in den beiden christlichen Konfessionen wichtigste Faktoren der Erhaltung unseres Volkstums... ihre Rechte sollen nicht angetastet werden. Sie erwartet aber und hofft, dass die Arbeit an der nationalen und sittlichen Erhebung unseres Volkes, die sich die Regierung zur Aufgabe gestellt hat, umgekehrt die gleiche Würdigung erfährt...'*. Op 28 Maart 1933 reageer die Katolieke Biskoppekonferensie met die opheffing van die ban op Nasionaal-Sosialisme (Greschat 1980: 114-115). En 'n paar jaar later rol die tenks met *Gott mit uns* daarop geverf die hele Europa deur en word miljoene vermoor. Só 'n ruil mag die kerk nie aangaan nie.

Literatuurverwysings

ANONIEM 1935. Redaksionele kommentaar. *Die Kerkbode* 14 Januarie, 168.

ANONIEM 1935. Redaksionele kommentaar. *Die Kerkbode* 23 Januarie, 168-170.

ANONIEM 1935. Redaksionele kommentaar. *Die Kerkbode* 1 Mei, 851.

ANONIEM 1936. Redaksionele kommentaar. *Die Kerkbode* 8 Januarie, 52-53.

ANONIEM 1936. Redaksionele kommentaar. *Die Kerkbode* 8 Julie, 52-54.

BARTH, K 1958. *Brief aan een dominee in de Duitsche Demokratiese Republiek* (vert JJ Buskes). Nijkerk: Callenbach.

BOODSKAP VAN DIE MODERATORE VAN DIE VIER GEFEDEREERDE NED GEREF KERKE AAN DIE HELE AFRIKANERVOLK, 1939. *Die Kerkbode* 11 Oktober, 662-663.

BOSCH, DJ 1984. The roots and fruits of Afrikaner civil religion, in Hofmeyr, JW & Vorster, WS (eds), *New Faces of Africa*, 14-35. Pretoria: UNISA.

BOSHOFF, GJJ 1959. *U volk is my volk*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

BRIEF AAN *BEELD*, 1986, *Beeld* 24 Januarie, 10.

CILLIE, G, Cruse, HP & Honiball, J 1934. (Brief aan die redaksie). *Die Kerkbode* 19 Desember, 1185.

DEIST, FE 1982. *Sê God so?* Kaapstad: Tafelberg.

DEIST, FE 1983a. *Verandering sonder geweld?* Kaapstad: Tafelberg.

DEIST, FE 1983b. Probleme theologischer Verständigung in Südafrika. *Old Testament Essays* 1, 1-25.

DEIST, FE 1983c. Bibelinterpretation und/als Ideologiekritik. *Old Testament Essays* 1, 26-48.

DEIST, FE 1986. Aufstieg und Niedergang der Apartheid. *Politische Studien Sonderheft 2*, 19-30.

DEIST, FE 1988. Resensie van Lategan, B *et al* 1987 in *De Kat* Julie, 90.

DESCHNER, K 1983. Religionskrise oder Konseqenz christlicher Religion?, in Weishaas, P (Hrsg) 1983. *Religion von gestern in der Welt von heute*. Berlin: Burckhardtshaus-Laetere-Verlag.

DU PLESSIS, JA 1934. (Brief aan die redaksie). *Die Kerkbode* 29 Augustus, 385.

DU TOIT, JF 1939. (Brief aan die redaksie). *Die Kerkbode* 1 November, 822.

FOURIE, FC v N & STRAUSS, DFM 1988. 'n Akte van burgerregte en samelewingsvryhede? Voorlegging aan die Suid-Afrikaanse Regskommissie oor 'n akte van menseregte en groepregte in Suid-Afrika. *Interim* (Winter) 9, 30-40.

FOURIE, FC v N & STRAUSS, DFM 1988. Aanhangsel Deel I: Historiese agtergrond van die moderne Westerse staatsidee. *Interim*_(Winter) 9, 41-42.

GRESCHAT, M *et al* 1980. *Kirchen und Theologiegeschichte in Quellen*. _Bd IV/2: Neuzeit. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

GREYLING, E 1941. *Christelike en nasionale onderwys*. Deel I. Bloemfontein: Nasionale Pers.

HOFMEYR *et al* 1987. *Perspektiewe op Kairos*. Kaapstad: Lux Verbi.

KESTELL, JD 1938. Die hand van God in ons geskiedenis. *Die Kerkbode* 23 November, 917-918.

KOTZé, CR 1934. (Brief aan die redaksie). *Die Kerkbode* 21 Februarie, 366-367.

KOTZé, CR 1955. *Die Bybel en ons volkstryd*. Bloemfontein: SACUM.

LATEGAN, B *et al* 1987. *Die keuse vir 'n inklusiewe demokrasie*. Stellenbosch: Sentrum vir Hermeneutiek.

LOUBSER, JA 1987. *The Apartheid Bible. A critical review of racial theology in South Africa*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

MOLLER, HF 1935. (Brief aan die redaksie). *Die Kerkbode* 18 Desember, 1241.

NIETZSCHE, F [1980]. *Nietzsche: Werke in Vier Bänden*. Wien: Caesar Verlag.

SCHMIDT, WH 1986. The notion of the 'centre' of the Old Testament in the perspective of the relationship between history of religions and theology, *Old Testament Essays* 4, 46-64.

THERON, JA 1939. (Brief aan die redaksie). *Die Kerkbode* 1 November, 821-822.

TOESPRAAK TYDENS 'N VOLKSFEES BY DIE VROUEMONUMENT, 1936. *Die Kerkbode* 22 Januarie, 166-167.

UIT DIE VRYSTAAT, 1935. *Die Kerkbode* 11 September, 513.

VAN HEERDEN, SW 1988. Die interpretasie van die boek Jona in die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Hermeneutiese studie. Ongepubliseerde DTh-proefskrif: UNISA.

VAN HUYSSTEEN, WJV 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording. Teorievorming in die sistematiese teologie*. Pretoria: RGN.

WEGENER, GS 1965. *Die lewende kerk* (vertaal en geredigeer TN Hanekom). Kaapstad: Tafelberg.